

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 16**

**20 April 2025**

**Tot lof van sy**
**HEERLIKHEID**

**"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as Sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van Sy wil, tot lof van die heerlikheid van Sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde.**
**In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand, deurdat Hy aan ons die verborgenheid van Sy wil bekend gemaak het na Sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel om alle dinge wat in die hemele sowel as op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig – in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van Sy wil, sodat ons kan wees tot lof van Sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het, in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van Sy heerlikheid." Ef 1:3-14 AFR 53**
**In die oorspronklike Grieks is dit een aaneenlopende sin van meer as 200 woorde lank. Wil voorkom asof Paulus in 'n toestand van aanbidding ingegaan het, waar lofprysing uit hom gevloei het, oorweldig deur die inspirasie van die Heilige Gees. Teoloë het na hierdie gedeelte verys as die toppunt van Christelike treologie. Dit is 'n teksgedeelte waar die rykdom, diepte en lae van God se plan – van voor die skepping tot die einde van tyd – saamgeweef word in 'n passievolle monoloog. En dit is heeltemaal gepas, want teologie en aanbidding behoort saam te gaan. Wat is teologie anders anders as die studie van God? En wanneer jy God bestudeer, is die enigste toepaslike reaksie om in aanbidding voor Hom neer te val.**
**Ons is as Sy kinders aangeneem "tot lof van die heerlikheid van Sy genade". Dit beteken dat alles wat God in en deur jou gedoen het, nie regtig oor jou gaan nie. Dit is alles gedoen om lof te laat weerklink, tot lof van Sy heerlikheid. – Daniel Kolenda**

## Dankie!

- Vir die oorwinning wat Jesus vir ons bewerk het!
- Dat Christus ons hemelse Vader aan ons kom openbaar het!

## Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

## Gebedsversoeke

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Hannah Bylsma |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Carin Wilsenach |
| • Johnny Viviers | Wikus Holtzhausen |
| • Annika Killian | Tannie Charmaine Venter |
| • Leonie Kruger | Oom Andrew Oostuizen |
| • Jillian Jansen | Spokie Vorster |
| • Jan Viljoen | Pierre Pienaar |
| • Theo Prinsloo | Juanita Rossouw |

## Gedagte vir die week

**Die uiteindelike doel van ons lewens is om lof en eer aan God te bring.**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org